

Ds. A. W. C. Bester  
Vredendal Wes  
08 Mei 1977

Onderwerp: Biddag vir die jeug

Lees: Psalm 144

Teks: Psalm 144 vers 12

Sing: Gesang 128 verse 1, 2 en 3  
Psalm 25 verse 1 en 2

“Broers en Susters ’n biddag vir die jeug is ’n besondere geleentheid, omdat dit ’n dag van belydenis in die kerk is. Dit is ’n belydenis van jeug en ouers dat ons sonder God nie kan leef nie. Dit is ’n belydenis dat ons mekaar nodig het, maar bowenal dat ons God nodig het. Die kerk wat die geestelike sorg van sy jongmense verwaarloos, durf nie hoop op ’n nuwe môre en toekoms nie.

“Op hierdie biddag kom die kerk om ’n liefdesverklaring teenoor die jeug te maak. Dit is ’n dag waarop die kerk ’n praktiewe demonstrasie lewer van sy innerlike gesindheid teenoor sy kinders en jongmense. Soos ’n moeder, kom vat die kerk op hierdie dag die hand van haar seuns en dogters en gaan met hulle na die genadetroon van God. Op hierdie dag sê die moeder skaamteloos vir haar kind: Ek het jou lief, hartstogtelik lief. My bestaan en voortbestaan is met jou gemeid. Ek probeer om jou te verstaan: jou tintelende jeug, jou bruisende entoesiasme; jou stryd en jou somtydse eensaamheid; jou verlange, jou ideale en jou versoeking. Kom my kind, vandag gaan ons saam bid. Geen grense gaan ons skei nie. Vandag gaan ons saam voor die troon van God staan.

“En so groei hierdie dag dan tot ’n magtige biddag, ’n dag waarop ons met geloof en oorgawe ons hande saam ophef tot God, terwille van die lewens van ons kinders: ‘... sodat ons seuns soos plante mag wees wat opgekweek is in hulle jeug, ons dogters soos hoekpilare wat uitgebeitel is na die boustyl van ’n paleis’. (Ps 144:12)

“Hierdie Psalm vertel ons dat Dawid met sy bestyging van die troon, besef het watter uiters belangrike plek die huisgesin in die huishouding van die volk ingeneem het. Hy het in hierdie Psalm gebid dat die HERE sy koninkryk sou bevestig en dat God hom sou

bevry van die vyande van buite en skadelike elemente van binne sy landsgrense. Hy het gebid dat God oorvloedige spyse en vrugbaarheid aan sy land sou gee. En hy het vir vrede gebid. Maar Dawid het geweet dat al hierdie dinge slegs uiterlike welvaart kon bring. En dat dit geen voordeel sou inhou vir 'n volk wie se gesinslewe nie kerngesond was nie en wat nie innerlik sterk en weerbaar was nie. Uiterlike welvaart sou maar net bydra om hulle ondergang te bespoedig. Daarom het Dawid gebid dat God sy volk sou begenadig met seuns en dogters wat 'n sierraad vir God se koninkryk sou wees. En wat deur hulle krag en skoonheid luister sou verleen aan die eeu waarin hulle geleef het. En wat deur liefde, dissipline en 'n gesonde gesinsverband gelei en begelei sou word om koersvas te bly. Daarom het Dawid met oorgawe gebid vir twee dinge: in die besonder vir 'n kerngesonde jeug; en pligsgetroue en verantwoordelike ouerskap.

“Kerngesonde Jeug:

“Toe Dawid gebid het vir 'n kerngesonde jeug, het hy eintlik vuriglik gebid vir die toekoms van sy volk, want sonder die jeug is daar geen toekoms nie.

“Die beelde wat Dawid in ons teks gebruik het, is besonder betekenisvol. Hy het gebid dat die jeug onwankelbaar sou wees in hulle grondslag. Ons seuns moet wees soos sterk groeiende plante wat stewig in die vrugbare bodem gewortel is; en ons dogters moet as hoekpilare 'n stewige fondament hê om die gebou van die gesinslewe te kan dra.

“Broers en Susters, dit is basiese waardes wat hier ter sprake is en nie bykomstighede nie. Hier word deurgedring tot die kern, oorsprong, wortel en fondament. Want as die wortelstelsel beskadig is, sal die boom verdroog en uiteindelik sterf. As die fondament meegee, sal die hele gebou ineentuimel.

“Ons jeug moet gewortel wees in die geloof in God en 'n vrugbare godsdiens-erfenis. Net die boom wat geplant is langs waterstrome sal vrugte voortbring op die tyd wanneer dit van hom verwag word. Die jeug moet gefundeer wees op die rots van die eeue, op Jesus Christus wat die Leidsman en Voleinder van die geloof is.

“As die jeug losgeruk word van dit wat hulle vashou, is hulle tot ondergang gedoem en is daar geen hoop op 'n beloftevolle toekoms nie.

“Maar Dawid het ook gebid dat die jeug gedissiplineer sal wees in hulle groei. In geeneen van hierdie beelde bly die seun en dogter staties en

onveranderd nie. Die jeugtyd is by uitstek die tyd van groei en ontwikkeling. Dit is hoe dit hoort. Dit mag egter nooit wilde, losbandige groei wees nie, wat soos 'n opslagplant ongedissiplineerd koers kry om uiteindelik vrugteloos in die son te verwelk nie.

“Volgens ons teks geskied hierdie groei en ontwikkeling nooit sedeloos nie. Die werkwoorde wat Dawid hier gebruik het, is belangrik. Die plante word ‘gekweek’ en die hoekpilare word ‘gebeitel’. Juis daarvan hang die vrugbaarheid van die plant en die skoonheid van die hoekpilare af. Hier is sprake van ontwikkeling en groei aan die hand van vaste norme en waardes.

“Broers en Susters, die huisgesin is die kweekplek waar die plant gesnoei en opgelei word. Dit is die beitelplek waar die jeug tot liggaamlike en geestelike rypwording en volwassenheid gelei word.

“Daar moet 'n belewenis van 'n persoonlike Verlosser wees. Dit en dit alleen is die onontbeerlike rigsgoer in die lewe van 'n geordende en gedissiplineerde jeug. En die onfeilbare norm hier is die onfeilbare Woord van God in die hand en hart van die ouer en die kind.

“Dawid het ook gebid dat die jeug onvergelyklik in skoonheid sou wees. Plante word tog immers versorg en vertroetel ter wille van hulle uiteindelijke skoonheid. Hulle moet 'n versiering wees in die tuin waarin hulle groei. Só moet die jeug die skoonheidsideaal vervul in die lewenstuin waar God hulle geplaas het.

“Ongelukkig is daar baie onaantreklike verskynsels onder ons jongmense. Daar is wilde uitbotsels wat die skoonheid van die jeug skend. Dit is daarteen wat biddend gewaak moet word.

“En soos plante die tuin versier, só steun die hoekpilare die gebou en dra by tot die argitektoniese skoonheid daarvan. Wat is mooier en meer verblydend as jongmense wat die skoonheid van 'n mooi lewe en 'n Christelike getuigenis uitdra aan die verwaarloosde en verwilderde geslag waaronder hulle beweeg? Welgeluksalig is die volk wat sulke kinders en jongmense het. En juis hierin het ons volk 'n ryke besitting, waaroor ons oneindig stof tot dankbaarheid het. Ons gebed is dat die HERE ons steeds met hierdie skoonheid sal seën. Onder al die mooi dinge op hierdie aarde is dit 'n skoonheid sonder weerga.

“Pligsgetroue en verantwoordelike ouerskap:

“Ouers neem 'n onmisbare en uiters belangrike plek in, in die vorming en uitbouing van ons kinders. Ons is

die tuiniers wat die plante opkweek. En ons is die beeldhouers wat God daar gestel het om die beitelwerk te doen en ons kinders te vorm tot sierraad vir God en die kerk en volk.

“Ouers, besef ons in watter verwarrende tyd ons kinders opgroei? Hulle moet weerstand bied teen strominge en woelinge wat vroeër onbekend was. Aan die eenkant sê ons vir ons jongmense dat hulle hulself kuis moet gedra, maar aan die anderkant word hulle dag vir dag blootgestel aan onkuise advertensies, artikels, fotos en tydskrifte. Aan die eenkant sê ons vir hulle dat die huwelik heilig is, terwyl hulle aan die anderkant geteiken word deur rolprente en tydskrifte wat niks omgee vir die heiligheid van die huwelik nie en hulle beïnvloed om hulle sonder enige reserwes te werp in die stroom van vrye liefde. Aan die eenkant sê ons met die Bybel in die hand vir die jeug: Dit is die beginsels waarvolgens julle moet leef, terwyl hulle aan die anderkant van alle kante toegeroep word: Man, daardie beginsels is oudmodies en uitgeleef. Jy kan dit maar verbreek. Vroeër was dit sonde, maar nie meer vandag nie.

“Ouers kan alleen hulle taak vervul en die regte koers aan hulle kinders se lewens gee, as hulself in geloof en in gebed vasstaan in die Woord van God. Alleen dan kan ons ons kinders na Jesus toe lei. Broers en Susters, as dit gebeur, sal ons saam met Dawid kan uitroep: ‘Welgeluksalig is die volk met wie dit so gaan; welgeluksalig is die volk wie se God die HERE is!’ (Ps 144:15)

“Daarom Broers en Susters, moet ons en ons kinders op hierdie dag van gebed naby mekaar kom staan voor God se troon van genade. Laat ons opnuut ons liefde vir God en vir mekaar bely. Laat ons opnuut, met noukeurigheid aan die ouer se kant en gehoorsaamheid aan die kind se kant, ons met heilige erns verbind tot hierdie proses van opweking en uitbeiteling. Dan kan ons die toekoms sonder wanhoop instap, met geloof en dankbaarheid vir ons jeug. Ja, vir hulle skoonheid en stewigheid waarvan daar nog soveel op te merk is.

“Mag daar daadkrag wees by die ouers as tuiniers en beeldhouers en hulle geloof in God wat hulle tot al hierdie dinge in staat stel.

“Laat ons nou hier, maar ook elke dag vuriglik vir mekaar bid: ouers vir kinders en kinders vir ouers; die kerk vir die jeug en die jeug vir die kerk: ‘... sodat ons seuns soos plante mag wees wat opgekweek is in hulle

jeug, ons dogters soos hoekpilare wat uitgebeitel is na  
die boustyl van 'n paleis'  
"Amen."